

Na té veel Vrolikheid kom Olikheid

Kliekrubriek - Drik Greeff

*O, brandewyn laat my staan
O, brandewyn laat my staan
O, brandewyn laat my staan
Want ek wil nou huis toe gaan*

Gewoonlik sing ons lekker saam aan hierdie vrolike ou volksliedjie. Het ek gesê vrolik? Kyk 'n mens 'n slag na die woorde, dan tref dit jou soos 'n bom: Daar is niks vroliks aan hierdie liedjie nie. Dit is niks anders nie as die kroegliedjie van 'n alkoholis nie. Iemand wat erken dat hy totaal in die mag van alkohol is, nie daaruit kan ontsnap nie én hy voel skuldig omdat hy sy huisgesin afskeep.

Wat is alkoholisme? Dis die verslawing aan alkohol. Lank, lank gelede het dit miskien begin met 'n enkele glasie wyn of bier ter wille van aangename sosiale verkeer, maar uiteindelik het dit, om een of ander rede, buite beheer geraak en ontaard in 'n gereelde ontvlugting na die drankduiwel toe. Volgens Bertrand Russel is dronkenskap 'n tydelike selfmoord om van ongelukkigheid te ontsnap. En die tragiese waarheid is dat daar al meer mense in wyn verdrink het as in die see.

Volgens <http://secunda.teksweb.com/forum/ALKOHOL.htm> is die stappe na alkoholisme die volgende: Jy begin drink ter wille van sosiale samesyn. Jy begin bewyssynverlies "blackouts" te ondervind. Jy vind dat drank meer vir jou as vir ander beteken. Jy drink gereeld meer as wat jy wou, begin verskonings maak omdat jy drink, begin regmakertjies neem en begin alleen drink. Jy word antisosiaal, m.a.w. bakleierig en vernielsugtig wanneer jy drink. Jy begin suip, m.a.w. jy drink om dronk te word en jy sal selfs jou besittings verkoop om genoeg drankgeld in die hande te kry. Jy ken dieper berou en dieper haatdraenheid en blameer ander vir jou drinkgewoontes. Jy ondervind groot angs en vrees en uiteindelik erken jy dat drank jou baas is. En laastens: Óf jy kry hulp, óf jy drink jou dood.

Maar waar gaan mens heen wanneer jy besef dat jy of een van jou gesinslede 'n drankprobleem het? Indien moontlik gaan na jou plaaslike predikant, maatskaplike werkster of 'n regdenkende vriend. Maar ek weet ook dat alkoholisme onder alle sosio-ekonomiese groepe voorkom en dat dit nogal 'n verleentheid kan wees om om hulp te gaan aanklop, veral as jy dalk 'n vooraanstaande persoon in jou gemeenskap is. Troos jou daaraan: Miljoene voor jou het al dieselfde paadjie geloop. En die goeie nuus is: Herstel is moontlik met die regte mediese hulp en die sosial ondersteuning. En hierdie hulp en ondersteuning is beskikbaar aan jou en jou gesinslede gedurende die rehabilitasieproses. Die belangrike mense in jou lewe sal jou ewig dankbaar wees dat jy dapper genoeg was om die pad na herstel aan te durf.

Aangesien alkoholisme 'n ernstige verslawing is, is dit gewoonlik onmoontlik om op jou eie uit die kloue van die drankduiwel te ontsnap. Vergeet daarvan: "The idea that somehow, someday he will control and enjoy his drinking is the great obsession of every abnormal drinker. The persistence of this illusion is astonishing. Many pursue it into the gates of insanity or death." (Alkoholiste Anoniem)

Behandeling begin gewoonlik met 30 tot 90 dae in 'n geskikte mediese sentrum en daarna kan daar ook 'n buite-pasiënte program volg indien nodig. Behandeling sluit ook gewoonlik voorligting aan die res van die gesinslede in, want hulle moet ook herstel van letsels wat op hulle gelaat is. Uiteindelik moet die gerehabiliteerde in sober lewensomstandighede bly en nie daagliks gekonfronteer word met alkoholiese versoekings nie.

Die bekendste organisasie wat spesialiseer in die ondersteuning en behandeling van alkoholiste is Alkoholiste Anoniem (AA). Hul webadres is <http://www.aanonymouse.org.za>. Maar daar is ook ander organisasies wat net sulke goeie diens lewer: <http://www.staanvas.co.za>, <http://www.mywayout.org> en <http://www.harmonyclinic.co.za>. Besoek gerus hierdie webtuistes, want hulle verskaf baie inligting oor alkoholisme en hoe om werk te maak van die probleem.

Die Bybel is vir my die wonderlikste boek wat daar is. Kyk net hoe briljant word die drinkgewoontes van 'n alkoholis beskryf in Spreuke 23: 29 – 35: "Wie is dit wat sug en steun, wat rusie maak en kla, onnodig seerkry en bloedbelope oë het? Dit is dié wat tot laat sit en drink, dié wat aanhou proe aan drank. Moenie dat die wyn jou verlei as dit so rooi is, so vonkel in die beker, so lekker smaak nie. Agterna pik hy soos 'n slang, spoeg hy gif soos 'n kobra. Dan sien jy vreemde dinge en praat jy verkeerde dinge; dit voel of jy op die oop see lê, of jy bo-op 'n seilskip se touwerk lê, en jy dink: ek het dan nie seergekry toe hulle my geslaan het nie; ek het nie gevoel toe hulle my aangeval het nie! Wanneer word ek wakker? Ek wil maar weer iets gaan soek om te drink."

Lekker klik hierdie week. En as dit tyd is om op die waterkar te klim, moenie gras onder jou voete laat groei nie.

Vorige bydraes is beskikbaar by <http://klikekrubriek.250free.com>.